'n Merrie en vul vreet goeie kwaliteit hooi

Voer vir instandhouding

In Suid-Afrika word ewe veel perde oorvoer, as wat ondervoer word. Aangesien perde hoofsaaklik vir menslike ontspanning aangehou word, werk hulle oor die algemeen nie baie hard nie en benodig daarom nie 'n dieet wat uit veel meer as 'n goeie kwaliteit hooi bestaan nie. SA Horseman het die perdevoedingkundige en veearts, *dr Rensia de Wet* geraadpleeg oor 'n paar riglyne oor 'n instandhoudingsrantsoen vir perde.

Behalwe vir gemineraliseerde sout en goeie drinkwater, wat ten alle tye tot 'n perd se beskikking moet wees, benodig perde wat rus of nie te hard werk nie daagliks 1,5-1,75 kg gemiddelde of kwaliteitvoer/100 kg liggaamsmassa om sy gewig in stand te hou. Die meeste weiding en hooi bevat genoeg voedingstowwe om aan 'n perd wat nie werk nie se behoeftes te voldoen. As 'n reël word geen graan of aanvullings benodig nie. Party voere mag egter wel 'n tekort aan fosfaat hê en ryp gras mag te min proteïene bevat.

Baie ryp grashooisoorte en weidings bevat slegs 5-7% proteïene, en sommiges so min as 3%, terwyl 8% benodig word vir instandhouding. In sommige gebiede bevat ryp weidings ook minder as die 0,2% fosfaat wat benodig word. Sulke tekorte oor 'n tydperk van 'n paar maande het geen merkbare uitwerking op 'n perd wat in goeie kondisie is nie. Liggaamsreserwes word gedurende die tye van tekorte gebruik, en weer in die volgende groeiseisoen aangevul wanneer die nuwe weiding met hoë voedingswaarde geëet word.

Die risiko lê egter by maer perde wat se liggaamsreserwes reeds laag of uitgeput is. In sulke gevalle mag die tekort nadelig wees. Beide proteïen- en fosfaattekorte kan reggestel of voorkom word deur daagliks 0,7-0,9 kg van 'n proteïenaanvulling van tussen 24-30% te voer. Deur 1,4-2,3 kg lusernhooi of -korrels daagliks te voer, kan ook die proteïentekort regstel of voorkom, maar sal nie noodwendig die fosfaattekort aanvul nie.

Die proteïentekort kan ook reggestel of voorkom word deur 'n sout-mineraalmengsel wat fosfaat bevat as die enigste beskikbare sout te voer. 'n Kommersieel beskikbare mengsel wat 8-16% kalsium, 8-16% fosfaat en sout bevat, of 'n mengsel van gelyke hoeveelhede dikalsiumfosfaat en sout, kan gebruik word. Die smaak, en dus ook die inname van die mineraalmengsel, kan verbeter word deur 5-10% oliesademeel, soos sojameel of droë melasse, by die sout-mineraalmengsel te voeg. Dit sal ook keer dat dit saamkoek. Tussen 60-120 g van die sout-mineraalmengsel moet daagliks ingeneem word.**SAH**